

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne



Jaarverslag
2014/15

Wes-Kaapse Raad
op Dobbelary en Wedrenne

JAARVERSLAG

Vir die fiskale jaar 2014/15

Inhoud

Deel A: Algemene inligting

| | |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 2. Lys van afkortings/akronieme | 6 |
| 3. Voorwoord deur die Voorsitter | 8 |
| 4. Oorsig van die Hoof Uitvoerende Beamppte | 10 |
| 5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die finansiële jaarverslag | 13 |
| 6. Strategiese oorsig | 14 |
| 7. Wetgewende mandate | 15 |
| 8. Organisasoriese struktuur | 17 |

Deel B: Prestasie-inligting

| | |
|-----------------------------------------------------------------|----|
| 1. Ouditeur-Generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte | 20 |
| 2. Situasië-ontleding | 20 |
| 3. Prestasie-inligting per program | 23 |
| 4. Inkomste-invordering | 53 |

Deel C: Korporatiewe beheer

| | |
|---------------------------------------------------------|----|
| 1. Inleiding | 56 |
| 2. Uitvoerende Gesag | 56 |
| 3. Die Rekeningkundige Gesag - Die Raad | 56 |
| 4. Risikobestuur | 67 |
| 5. Interne kontrole | 68 |
| 6. Interne Oudit en Ouditkomitees | 68 |
| 7. Nakoming van wette en regulasies | 69 |
| 8. Bedrog en korrupsie | 69 |
| 9. Minimalisering van belangebotsing | 69 |
| 10. Gedragskode | 69 |
| 11. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies | 69 |
| 12. Maatskappysekretaris | 69 |
| 13. Maatskaplike verantwoordelikheid | 69 |
| 14. Verslag van die Ouditkomitee | 70 |

Deel D: Menslike Hulpbronbestuur

1. Inleiding 74
2. Oorsig van menslike hulpbronstatistiek 75

Deel E: Finansiële inligting

1. Verslag van die Ouditeur-Generaal 84
2. Finansiële Jaarstate 86

1. Algemene inligting

Naam: Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne

Straatadres: Oranjestraat 68
Tuine
Kaapstad 8001
Republiek van Suid-Afrika

Posadres: Posbus 8175
Roggebaai
8012

Telefoonnommer: +27 21 480 7400

Faksnommer: +27 21 422 2603

E-posadres: ceo@wcgrb.co.za

Webwerf: www.wcgrb.co.za

Eksterne ouditeure: Ouditeur-Generaal (SA)

Bankiers: Nedbank

Raadsekretaris: Heinrich Brink



Deel A

Algemene inligting

2. Lys van Afkortings/Akronieme

Die volgende akronieme, met die ooreenstemmende betekenis daarvan, word in hierdie verslag gebruik:

| Afkorting/ Akroniem | Beskrywing |
|------------------------|------------------------------------------------------|
| ADFIN / Adfin | Administrasie en Finansies |
| AARP | Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk |
| BI | Billike indiensneming |
| BSEB | Breëbasis swart ekonomiese bemagtiging |
| DH | Departementshoof |
| Die Wet | Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 |
| FICA | Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 |
| FIS | Finansiële intelligensiesentrum |
| FJ | Finansiële jaarstate |
| FPWW | Forum vir perdewedrenne en -wedder |
| G2E | Global Gaming Exposition |
| GRAF | Dobbelaryreguleerders Afrika-forum |
| Grondwet | Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 |
| HFB | Hoof Finansiële Beampte |
| HHA | Hoogste hof van appèl |
| HUB | Hoof Uitvoerende Beampte |
| IAGR | Internasionale vereniging van dobbelaryreguleerders |
| IJM | In-jaar monitering |
| IKT | Inligting-en-kommunikasietegnologie |
| IT | Inligtingstegnologie |
| ITIB | Inligtingstegnologie-infrastruktuurbiblioteek |
| ITK | Inligtingstrustkorporasie |
| JPP | Jaarlikse prestasieplan |
| KHD | Kommissie vir die Hersiening van Dobbelary |
| KMK | Komitee oor Menslike Kapitaal |
| KMMO | Klein, medium en mikro-ondernemings |
| LPM | Beperkte-uitbetalingsmasjiene |
| LUR | Lid van die uitvoerende raad |
| MH | Menslike hulpbronne |
| Minister | Minister vir Finansies |
| MTUR | Mediumtermyn-uitgaweraamwerk |
| NRD | Nasionale Raad op Dobbelary |

| Afkorting/ Akroniem | Beskrywing |
|--------------------------------|---------------------------------------------------------------|
| NTR | Nasionale Tesourieregulasies |
| NVDP | Nasionale program oor verantwoordelike dobbelary |
| OGSA | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| OHASA | Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 |
| OKT | Ononderbroke kragtoevoer |
| OO | Organisatoriese ontwikkeling |
| ORB | Ondernemingsrisikobestuur |
| PA | Prestasie-aanwyser |
| PAIA | Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 |
| PAJA | Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 |
| PASD | Prestasie-aanwyser van strategiese doelwit |
| POPI | Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 |
| PT | Provinsiale Tesourie |
| PTR | Provinsiale Tesourieregulasies |
| PWK | Perdewedrenne-komitee |
| Raad | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne |
| RHP | Rampherstelplan |
| RNF | Regsnakomingsforum |
| SA | Senior advokaat |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisie diens |
| SKOF | Staande Komitee oor Finansies |
| SKOOR | Staande Komitee oor Openbare Rekeninge |
| TR | Tesourieregulasies |
| VBD | Voorafbepaalde doelwit |
| VD | Verantwoordelike dobbelary |
| VKB | Voorsieningskanaalbestuur |
| VOP | Vaardigheidontwikkelingsplan |
| Wes-Kaap | Die Provinsie van die Wes-Kaap |
| WKRDW | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne |
| WOFB | Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 |
| WVP | Werkplekvaardigheidsplan |

3. Voorwoord deur die Voorsitter



Me Althea Lapoorta

Dit is my voorreg om verslag te lewer dat die 2014/15-boekjaar 'n suksesvolle jaar vir die Raad was. Die Raad het volgens sy bepaalde mandaat gefunksioneer en het die meerderheid van gestelde teikens eerder bereik of oortref.

Die Raad se mandaat word gelei deur wetgewende bepalings en alle funksies en verantwoordelikhede word in ooreenstemming met daardie bepalings uitgevoer. Ter bereiking hiervan het die Raad, met die bystand van die Provinsiale Minister vir Finansies, 'n stel strategiese doelwitte en teikens ontwikkel wat daarop gerig is om te verseker dat die Raad aan sy bepaalde mandaat voldoen.

Die Raad het gedurende die oorsigjaar 'n strategiese plan saamgestel met die uitsluitlike doel om sy strategiese rigting en aktiwiteite oor die volgende vyf jaar te bepaal. Hierdie strategiese plan is ook deur die Minister goedgekeur en het voor die wetgewer gediën.

Die strategiese plan is gestruktureer om te verseker dat die Raad voortgaan om aan sy mandaat te voldoen en sy missie om die dobbelary- en wedderybedryf in die Wes-Kaap te beheer en reguleer, te handhaaf op 'n wyse wat:

- 'n Stabiele, regverdige, bestendige en doeltreffende regulatoriese omgewing sal daarstel;
- Die publiek se vertroue en geloof in 'n omgewing vry van korrupsie en onwettige dobbelary-aktiwiteite sal kweek; en
- Op 'n sosiaal verantwoordelike wyse tot die ekonomie van die Wes-Kaap sal bydra.

Die Raad het gedurende die oorsigjaar die meerderheid van sy strategiese teikens behaal, 7 550 lisensie-aansoeke verwerk, 1 313 ouditassesserings by lisensiehouers uitgevoer, 30 geskille beraadslaag en beroepswedders met vyf gevalle van selfuitsluiting bygestaan.

Daarbenewens het die Raad FICA-oudits uitgevoer en 15 klopjagte op onwettige dobbelhuise uitgevoer, waartydens 34 toestelle gekonfiskeer en 67 toestelle vernietig is.

Hierdie aktiwiteite het daartoe bygedra dat die Raad 'n stabiele en regverdige regulatoriese omgewing handhaaf.

Ten einde sy strategiese vennootskappe met belanghebbendes en rolspelers in die bedryf te handhaaf, het die Raad suksesvolle samesprekings met die Wes-Kaapse Minister vir Finansies, die Provinsiale Staande Komitee oor Finansies, die Provinsiale Staande Komitee oor Openbare Rekeninge, die Kompetisie Kommissie, die Nasionale Beleidsraad oor Dobbelary en Drank en al die lisensie-operateurs vir die Wes-Kaap gehad. Die Raad dien ook op die Nasionale Forum vir Dobbelaryreguleerders, die Nasionale HUB-forum, die Finansiële Intelligensiesentrum Toepassingsforum, die Nasionale Regsnakomingsforum, die Nasionale IT-forum en die Nasionale Bestuurskomiteeforum. Al hierdie forums beraadslaag oor kwessies wat met dobbelary en weddery in Suid-Afrika verband hou. Die Raad is 'n stemgeregtigde lid van die internasionale vereniging van dobbelaryreguleerders en onderskryf die Dobbelaryreguleerders Afrika-forum. Hierdie affiliasies en lidmaatskappe het die Raad in staat gestel om die bedryf te verstaan en te verseker dat sy prosesse en prosedures om die bedryf te reguleer aan internasionale en nasionale beste praktyke voldoen.

In ooreenstemming met sy doelwit om meer sigbaar vir die publiek te wees, het die Raad

bewusmakingsprogramme onderneem wat die volgende ingesluit het:

- 'n Teaterproduksie by skole om die gevare van onverantwoordelike dobbelary te beklemtoon;
- 'n Kwartaallikse tydskrif wat die Raad se prestasies publiseer, asook die bystand wat die Raad aan die publiek kan aanbied; en
- 'n Beraad oor verantwoordelike dobbelary, die eerste van sy soort, wat deur reguleerders, lede van die bedryf en belangstellendes bygewoon is.

Hierdie inisiatiewe het nie slegs die publiek bewus gemaak van die Raad se bestaan en doelstellings nie, maar het ook die gevare van onverantwoordelike dobbelary en moontlike oplossings vir die probleem van onverantwoordelike dobbelary uitgelig.

Die hersiening van die Kodes vir Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging bring nuwe uitdagings vir die dobbel- en wedderybedryf mee. Gegewe die afwesigheid van 'n sektor-kode vir die bedryf, laat die pad vorentoe met die nakoming van spesifikasies terwyl regulatoriese verwagtinge gehandhaaf word, die reguleerders en die bedryf op soek na oplossings.

Die volgehoue instroming van beroepswedder-aansoeke het uitdagings van oorstimulasie in sekere gebiede en onnodige druk op die Raad se hulpbronne veroorsaak. Die Raad het gevolglik 'n moratorium ten opsigte van die uitreiking van beroepswedderlisensies uitgereik en aansoeke om hierdie lisensies sal voortaan slegs op grond van uitnodiging hanteer word, wat in 'n groot mate bovermelde uitdagings uit die weg sal ruim.

Die beperkings op akkommodasie bly 'n uitdaging en die Raad is voortdurend betrokke by onderhandelings met die betrokke owerhede om die kwessie op te los.

In ooreenstemming met die visie om die toonaangewende dobbelary- en wedren-regulatoriese owerheid in Afrika te wees, het die Raad verseker dat sy doelwitte vir die toekoms voldoende aangepas is by die strategiese doelwitte van die Wes-Kaapse Regering. Hierdie doelwitte behels onder meer om geleenthede vir groei en indiensneming te skep en om welsyn en veiligheid te verseker

en die maatskaplike euwels aan te pak, terwyl goeie korporatiewe beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing versterk word.


Bewusmakingsinisiatiewe oor verantwoordelike dobbelary sal volgehoue aandag geniet en die Raad sal voortgaan om sy kwartaallikse vergaderings met bedryfsverteenwoordigers en die Nasionale Program oor Verantwoordelike Dobbelary te belê.

Die Raad het navorsing oor die sosio-ekonomiese impak van dobbelary in die provinsie voltooi en die Raad bestudeer tans hierdie bevindings in 'n poging om voorstelle vir die toekoms aan die Minister te maak.

Gedurende die jaar het die Raad mnr David Lakay op die Raad verwelkom en het met hartseer totsiens gesê aan me Undere Deglon wat as lid van die Raad bedank het.

Ek gee hiermee erkenning aan die Minister vir Finansies, Dr IH Meyer, vir sy leiding en ondersteuning, die personeel van Provinsiale Tesourie vir hulle bystand, die lede van SKOF en SKOOR vir hulle toesighoudende leiding, my mede-Raadslede vir hulle ondersteuning en die professionele wyse waarop hulle sake doen en die personeel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne vir die pligsgetroue uitvoering van hul pligte – almal het aansienlik bygedra tot die suksesse wat deur die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne behaal is.

Ter afsluiting het die Raad uitvoering aan sy mandaat gegee en terselfdertyd heelwat besparings op die goedgekeurde begroting gehad. Hierdie prestasie is moontlik gemaak ten spyte van personeelvakatures wat daartoe gelei het dat personeel bykomende pligte sonder enige oortydbetaling moes verrig. Hierdie druk op hulpbronne kan nie voortgaan nie en die Raad poog om dit reg te stel deur alle vakante poste te vul.



Me A Lapoorta

Voorsitter

*Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Augustus 2015*

4. Oorsig van die Hoof Uitvoerende Beampte



Dr M Matsapola

Dit is vir my 'n plesier om die HUB se oorsig van die Raad se prestasie vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2015 aan te bied.

Die Raad is 'n statutêre liggaam met die bepaalde mandaat om die dobbelary- en wedderybedryf te reguleer. Ter bereiking hiervan het die Raad 'n stel teikens ontwikkel wat deur die Minister goedgekeur is en daarop gerig was om te verseker dat die Raad aan sy mandaat voldoen.

Anders as tasbare lewerbares wat vir departemente gestel word, byvoorbeeld die getal huise gebou of die getal pasiënte bedien, is die Raad se hooftaak om te verseker dat die dobbelary- en wedderybedryf binne die omvang van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne funksioneer.

In 'n poging om uiting te gee aan die beroep op kostebekamping, is die Raad voortdurend op soek na maniere om sy mandaat op die mees kostedoeltreffende wyse uit te voer, sonder om sy mandaat of die veiligheid van werknemers in gedrang te bring. Daarbenewens oorweeg die Raad die bywoning van konferensies en

seminare en kies slegs dié wat die Raad se doeltreffendheid in die uitvoering van sy mandaat sal bevorder.

'n Begroting van R54 062 620 is vir die oorsigjaar aan die Raad toegeken. Met die implementering van maatreëls vir kostebesparing en vakatures, het die Raad R42 580 928 van sy begroting aangewend, wat gelei het tot 'n besparing van R11 481 692 op die goedgekeurde uitgawebegroting.

Die inisiatiewe wat aanleiding tot hierdie besparing gegee het, is:

- Beperkte getal afgevaardigdes na konferensies en seminare;
- Slegs konferensies en seminare wat bydra tot 'n beter begrip van huidige kwessies is gekies;
- Ouditeure het reiskoste gedeel in plaas daarvan dat elke ouditeur afsonderlike reiskoste moes aangaan;
- Onthaalkoste is beperk tot verversings vir die Raad; en
- Slegs noodsaaklike nasionale vergaderings is bygewoon en lede het op die dag van die vergadering eerder as die vorige dag gereis, wat 'n besparing op akkommodasie teweeggebring het.

Daarbenewens:

- Is 'n besparing van R1 900 000 op die begroting behaal met die finale bepaling van die Direktoraat Organisasie Ontwikkeling se assessering van die salarisstruktuur van Raadspersoneel.
- Ander besparings en redes daarvoor word op bladsy 85 in die finansiële state uiteengesit.

Die Raad het ook meer inkomste ingevorder as wat in die begroting aangedui is. Aangesien die Raad nie in staat is om aansoeke aan te vra nie, is sy inkomste afhanklik van die mark se gewilligheid om die bedryf te betree en gevolglik word die begroting konserwatief op vorige tendense gegrond.

Die Raad se plasing van 'n moratorium op lisensie-aansoeke en gevolglike instroming van aansoeke voor die sperdatum het gelei tot 'n oorinvordering van R4 893 458 op die inkomstebegroting, wat bygedra het

tot 'n totale oorskot van R16 375 149 op die begroting.

Dit is belangrik om daarop te let dat dit 'n besparing op die begroting en nie onderbesteding is nie, veral aangesien die Raad sy mandaat kon uitvoer en al sy belangrike strategiese doelwitte in die oorsigjaar kon behaal.

In vergelyking met die vorige boekjaar, het uitgawes met 13,87% toegeneem en die grootste bydraers tot die styging in uitgawes was die verhoging in vergoeding as gevolg van die Direkoraat Organisasionele Ontwikkeling se assessering van die salarisstruktuur van Raadspersoneel en die Raad se nuwe bewusmakingsprogramme, wat uitstekende terugvoering van alle bywoners van die skoolprojekte asook die beraad vir verantwoordelike dobbelary ontvang het.

Die bestedingstendense het oor die jare konstant gebly, met vergoeding en verwante koste en die bykomende bewusmakingsprogramme van die Raad as die grootste uitgawes. Die tendens sal na verwagting oor die volgende jare soortgelyk wees.

Die Raad het 'n organisatoriese herstrukturering aanbeveel wat deur die Minister goedgekeur is, wat beteken dat die Departement Wedrenne en Weddery se aktiwiteite met dié van die Departemente Lisensiëring en Dobbelarynakoming sal saamsmelt. Dit behoort geen finansiële impak buiten die besparing op die vergoeding van die nou uitgediende pos van Departementshoof: Wedrenne en Weddery te hê nie. Daar word aangeneem dat die samesmelting 'n minimale impak op die Raad se bedryfsaktiwiteite sal hê.

Met die goedkeuring vir die skepping van drie bykomende poste van wetstoepassingsbeampte, word nuwe klem op die opsporing en uitwissing van onwettige dobbelaktiwiteite beplan, wat oor die volgende jare momentum sal kry.

Dit is vir my aangenaam om te bevestig dat die Raad 'n nakomende stelsel vir voorsieningskanaalbestuur aanvaar het, wat vir alle verkryging in alle fasette van die voorsieningskanaal geïmplementeer word. Die Raad het voorts geen ongevraagde bieë gedurende die oorsigjaar toegeken nie.

Uitdagings waarvoor die Raad te staan kom, buiten dié wat deur die Voorsitter genoem is, is die proses van veranderingsbestuur vir die samesmelting van die operasionele departement, behoud van professionele personeel en 'n verbintenis deur die geregtelike strukture oor die belang van die hantering van dobbelary-verwante oortredings. Die Raad het 'n proses begin om 'n noue werksverhouding met wetstoepassingsagentskappe te bou, insluitend die SAPD, Kubermisdaadeenheid, Bateverbeuringseenheid, Nasionale Vervolgingsgesag en die Direkoraat van Vervolgings. Daarbenewens handhaaf die Raad ook noue werksverhoudinge met die Provinsiale Drankowerheid.

Ten einde hierdie uitdagings die hoof te bied:

- het die Raad die aanstelling van 'n konsultant goedgekeur om 'n veranderingbestuursproses vir die samesmelting van die operasionele departemente te implementeer en bestuur;
- is opleidingsprogramme vir personeel saamgestel om hulle vordering en moontlike toekomstige bevordering by die Raad te verseker; en
- word opleiding vir regsbeamptes beplan om die belang van dobbelary-verwante misdade te beklemtoon.

Die Raad het aandag geskenk aan die vorige jaar se aangeleenthede in die ouditverslag en sal voortgaan om personeel op te lei om te verseker dat soortgelyke voorvalle nie herhaal word nie.

Met die goedkeuring van die 2015/16-begroting en die aanduiding van Provinsiale Tesourie om die verlies voortspruitend uit die uitgediende 'ekslusiwiteitsgelde' te befonds, voorsien die Raad geen groot finansiële uitdagings vir die MTUR-jare nie. Die Raad beskou dus sy bedrywighede as 'n ekonomies uitvoerbare aktiwiteit oor die MTUR-jare.

Die Raad het geen aktiwiteite na die verslagdoeningsdatum om te rapporteer nie.

Dit is ook vir my aangenaam om aan te kondig dat vanweë die Raad se pogings om 'n lewensvatbare, billike en betroubare dobbelary- en wedderybedryf te handhaaf en die twee persentasiepunte-styging in casinobelasting, het belasting wat van die

bedryf vir die Provinsiale Fiskus ingevorder is, met 16.76% toegeneem. Derhalwe het belasting vir die 2014/15-boekjaar 'n bedrag van R535 983 585 beloop vergeleke met die R459 034 109 wat vir dieselfde tydperk verlede jaar ingevorder is.

Die vyf casino's het R409 061 070 bygedra, die twee LPM-operateurs het R76 004 555 bygedra, die totalisator het R6 478 341 bygedra en die beroepswedders het R44 439 619 bygedra.

Hierdie belasting word binne vyf werksdae na ontvangs daarvan by die Provinsiale Fiskus inbetaal.

Die Raad se niefinansiële prestasiedoelwitte is grotendeels bereik en dit is duidelik dat hierdie Raad na voortreflikheid in die bereiking van teikens asook sy mandaat streef. Die Raad het 95% van sy teikens vir die oorsigjaar behaal. Verwys na Deel B van die verslag vir verdere inligting.

Ek bedank hiermee die Minister Dr I H Meyer vir sy raadgewing, die lede van SKOF en

SKOOR vir hulle bydraes, Provinsiale Tesourie vir hulle bystand, die Voorsitter vir haar gewaardeerde insette en leiding, die Raad vir sy leiding en die personeel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne vir hulle ondersteuning en onvermoeide harde werk, wat tesame die Raad nader gebring het aan sy visie om nasionaal en internasionaal as 'n vooraanstaande regulerende owerheid van dobbelary en wedrenne erken te word.

Ter afsluiting het die Raad 'n matige finansiële beleid gehandhaaf met die doel om sy funksies op die kostedoeltreffendste wyse uit te voer en sal hierdie tendens oor die komende jare voortsit.



Dr M Matsapola

Hoof Uitvoerende Beampte

*Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Augustus 2015*

5. Verklaring van verantwoordelikeid en bevestiging van die akkuraatheid van die finansiële jaarverslag

Na die beste van my kennis en wete, bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is in ooreenstemming met die finansiële jaarstate wat deur die Ouditeur-Generaal geoudit is. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings. Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie. Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is voorberei in ooreenstemming met die AARP-standaarde van toepassing op die Raad.

Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike

versekering oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Volgens ons mening is die jaarverslag 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële sake van die Raad vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2015.

Die uwe



Dr M Matsapola

Hoof Uitvoerende Beampte

*Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Augustus 2015*



Me A Lapoorta

Voorsitter

*Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Augustus 2015*

6. Strategiese oorsig

6.1. Visie

Die visie van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne is 'om nasionaal en internasionaal as 'n vooraanstaande regulerende owerheid van dobbelary en wedrenne erken te word'.

6.2. Missie

Die hoofdoel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne is om dobbelary en wedrenne binne die Provinsie van die Wes-Kaap te beheer en reguleer op 'n wyse wat:

- Die hoofdoel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne is om dobbelary en wedrenne binne die Provinsie van die Wes-Kaap te beheer en reguleer op 'n wyse wat:
- 'n stabiele, regverdige, bestendige en doeltreffende regulatoriese omgewing sal daarstel;
- die publiek se vertroue en geloof in 'n omgewing vry van korrupsie en onwettige dobbelary-aktiwiteite sal kweek; en
- op 'n sosiaal verantwoordelike wyse tot die ekonomie van die Wes-Kaap sal bydra.

6.3 Waardes

In die uitvoering van sy gesamentlike funksies, plaas die Raad die hoogste waarde op:

- **Integriteit**

Die eienskap om 'n streng morele of etiese kode en hoë professionele

standaarde te besit en dit standvastig na te kom.

- **Eerlikheid**

Die eienskap, toestand of kenmerk om eerlik, opreg en moreel waardig te wees in gedrag en die nakoming van feite wat aangebied word.

- **Onomkoopbaarheid**

Morele opregtheid en onbaatsugtige diens van staatsamptenare.

- **Deursigtigheid**

Die beginsel dat die organisasie (WKRDW) sy sake op 'n toeganklike, duidelike en sigbare wyse sal bedryf en dat sy aktiwiteite oop sal wees vir ondersoek deur belanghebbendes.

- **Verantwoordelikheid**

Die magtiging om besluite te neem en uitvoering te gee aan die verwagting om sulke besluite te neem en die nodige stappe te doen.

- **Aanspreeklikheid**

Die beginsel dat die organisasie verplig is om verantwoordelikheid vir sy optrede, besluite en beleide te demonstreer en te neem en dat dit aan die publiek verantwoordbaar is.

- **Menslike Hulpbronontwikkeling**

Aanmoediging van en bystand aan die Raad se personeel om nuwe vaardighede aan te leer en/of om hul vaardighede, kennis en standpunte deur middel van geleenthede vir ontwikkeling uit te brei.

- **Wedersydse respek**

Aanmoediging van 'n kultuur van wedersydse respek deur elke persoon met waardigheid en gelyke waarde te behandel.

7. Wetgewende mandate

Die volgende nasionale en provinsiale wetgewing het betrekking op die Raad se bedrywighede:

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)

Hierdie Wet bepaal die basiese diensvoorwaardes vir personeel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne.

Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003), soos gewysig

Hierdie Wet het 'n wetgewende raamwerk daargestel vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging; om die Minister te bemagtig om kodes van goeie praktyk uit te reik en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Die Raad pas die doelwitte van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging toe deur die oplegging van lisensievoorwaardes aan lisensiehouers.

Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

Hierdie Wet voorsien die wetlike raamwerk gemik op die uitskakeling van onbillike diskriminasie in die werkplek en skryf die prosesse en prosedures voor wat die Raad moet implementeer om 'n diverse en bekwame werksmag te hê wat algemeen verteenwoordigend van die demografie van die Wes-Kaap is.

Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)

Hierdie Wet voorsien 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike regerings om interregeringsverhoudinge te bevorder en te fasiliteer; om voorsiening te maak vir meganismes en prosedures om die beslegting van interregeringsgeskille te fasiliteer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995), soos gewysig ('LRA')

Die LRA reguleer en lei die Raad in die erkenning en vervulling van sy rol om arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek te bewerkstellig.

Wet op Nasionale Dobbelary, 2004 (Wet 7 van 2004) en regulasies

Hierdie Wet bepaal die bevoegdheids van die nasionale en provinsiale dobbelrade met betrekking tot die regulering en beheer van dobbelary en wedrenne in Suid-Afrika. Hierdie Wet, tesame met die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 en die onderskeie regulasies daarkragtens uitgevaardig, bepaal die statutêre mandaat van die Raad as reguleerder. Hierdie Wet maak verder voorsiening vir eenvormige norme en standaarde met betrekking tot dobbelary en wedrenne regoor die Republiek.

Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

Hierdie Wet maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoerusting en masjinerie; die beskerming van ander persone buiten persone by die werk teen bedreigings vir gesondheid en veiligheid wat ontstaan uit of in verband met die bedrywighede van persone by die werk; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op 'n Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging, 2000 (Wet 5 van 2000) en Regulasies

Hierdie Wet voorsien die raamwerk waarvolgens die Raad uitvoering moet gee aan die grondwetlike vereiste om 'n beleid en stelsel vir voorkeurverkryging te implementeer wat regverdig, billik, deursigtig en kostedoeltreffend is.

Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) ('PAIA')

PAIA bepaal die statutêre proses waarvolgens aansoeke of versoeke om toegang tot inligting ingevolge die reg van toegang tot inligting

verwerk moet word, soos verskans in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Dit is van toepassing op private entiteite of organisasies asook openbare liggame.

Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) ('PAJA')

PAJA is verorden op grond van artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is en die reg om skriftelike redes vir administratiewe optrede te versoek. As 'n openbare liggaam is die Raad verplig om uitvoering te gee aan die beginsels van prosedureel billike administratiewe optrede, soos bepaal deur hierdie Wet.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) ('POPI')

Die doelwitte van POPI is onder meer om die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word, te bevorder; om sekere voorwaardes te bepaal ten einde die minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te stel en om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en sekere pligte en werksaamhede kragtens hierdie Wet uit te voer. Sekere bepalinge van POPI het op 11

April 2014 in werking getree, maar die res van die bepalinge sal in werking tree op 'n datum wat deur die President in die Staatskoerant aangekondig moet word.

Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig



Die Raad is 'n Skedule 3C-raad en word deur hierdie Wet se bepalinge insake finansiële en begrotingsbestuur gereuleer. Die hoofdoelwit van hierdie Wet is om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van staatsinstellings en -departemente doeltreffend en effektief bestuur word; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in die regering toevertrou is en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wes-Kaapse Wet op Dobbelaar en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996), soos gewysig, en Regulasies


Dit is die primêre wetgewing wat die Raad se funksies en bevoegdhede reguleer. Dit bepaal onder meer die instelling en werksaamhede van die Raad, die tipe lisensies wat die Raad gemagtig is om te oorweeg asook die Raad se bronne van befondsing. Dit maak verder voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en gelde betaalbaar deur lisensiehouers, asook administratiewe boetes vir nienakoming.

8. Organisasoriese struktuur

Raad



Senior Bestuur





Deel B

Prestasie-inligting

1. Ouditeur-generaal se verslag: voorafbepaalde doelwitte

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika voer die nodige auditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n auditbevinding te gee. Die auditbevinding oor die prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is by die verslag aan bestuur ingesluit, met bevindings wat onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes van die ouditeur se verslag gerapporteer word.

Verwys na bladsy 83 van die verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële inligting.

2. Situasië-ontleding

2.1. Diensleweringomgewing

Die dobbelary- en wedrennebedryf in die Wes-Kaap het soos op 31 Maart 2015 bestaan uit:

- 5 gelisensieerde casino's;
- 2 gelisensieerde LPM-operateurs;
- 36 gelisensieerde beroepswedders;
- 1 gelisensieerde totalisator;
- 3 799 gelisensieerde werknemers;
- 594 gelisensieerde persele; en
- 5 704 gelisensieerde dobbeltoestelle

en strek oor die volle geografiese gebied van die Wes-Kaap. Wat die diensbeëindiging en aanstelling van werknemers betref, moet daar op gelet word dat die Raad 6 103 werknemers gedurende die 2014/15-boekjaar vir die bedryf gelisensieer het.

Die Raad is bewus van die feit dat ekonomiese potensiaal in al die streke gestimuleer moet word en verseker dus dat dobbelary nie slegs tot sekere liggings in die provinsie beperk word nie. Die Raad het verskeie maatreëls in plek om aansoekers te beperk in terme van waar hulle sake wil bedryf. Met verwysing na die kaart op die keersy, word die getal gelisensieerde bedrywighede in elke streek in die tabel op die volgende bladsy weerspieël:



1. Metropool 2. Suid-Kaap 3. Breede Vallei 4. Overberg 5. Weskus

| Persele | 1 Metropool | 2 Suid-Kaap | 3 Breede Vallei | 4 Overberg | 5 Weskus |
|-----------------------------|----------------|----------------|--------------------|---------------|-------------|
| Casino's -5 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| LPM- terreine -383 | 274 | 39 | 14 | 15 | 41 |
| Beroeps- wedders -149 | 141 | 5 | 1 | 0 | 2 |
| Totalisators -57 | 50 | 3 | 1 | 0 | 3 |

Die huidige omgewing waarin dobbelary- en weddery-aktiwiteite plaasvind, terwyl dit nog steeds goed gereguleer en grootliks deur die bedryf se lisensiehouers nagekom word, het meer omstrede as ooit tevore geword. Om te verseker dat lisensiehouers binne die omvang van die wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes funksioneer, word lisensievoorwaardes aan sodanige lisensiehouers opgelê. Sodanige voorwaardes is sedert die aanvang van die bedryf opgelê, meer as 14 jaar gelede; lisensiehouers dien egter nou aansoeke by die Hoër Hof in om dié voorwaardes te betwis. Met die vinnige toename in tegnologiese vooruitgang, is verskeie prosesse en aktiwiteite van lisensiehouers in die proses om geoutomatiseer te word. Dit het daartoe gelei dat die Raad se personeel op hoogte van die nuutste ontwikkelings in die bedryf moet bly, wat opleiding, bywoning van werksinkels en konferensies insluit.

In gevalle van nienakoming, wat die laat indiening van hernuwingsaansoeke om lisensies insluit, sal die Raad lisensiehouers in kennis stel van wat die oortreding is, asook die moontlike finansiële sanksies. Die lisensiehouer word voorsien van 'n geleentheid om skriftelike verhoë aan die Raad te rig oor waarom 'n sanksie nie opgelê behoort te word nie.

Aangesien sommige lisensiehouers die strawwe wat opgelê word, betwis, versoek hulle óf 'n appèlverhoor deur die hele Raad óf hulle doen aansoek om regstelling in die hof. Wanneer dit gebeur, moet die Raad hulpbronne bestee om aandag aan die appèl te gee.

Lisensiehouers is nie meer tot een sektor of selfs een groep beperk nie en ons vind nou dat 'n casino-operateur by beroepsweddery asook by die LPM-bedryf betrokke raak. Sulke faktore het die Raad verplig om interne veranderings te oorweeg ten einde sy vermoë om steeds aan sy mandaat te voldoen, te versterk, ten spyte van die bykomende eise aan die Raad se beperkte hulpbronne.

Die dobbelbedryf, soos die meeste moderne besighede, gebruik gevorderde tegnologie om in pas te bly met die supersnelweg van tegnologie. As sodanig moet die Raad se personeel voortdurend opgelei word om behoorlik op lisensiehouers se versoeke te reageer. As deel van die deurlopende opleiding en ontwikkeling van personeel, woon die Raad alle toepaslike bedryfskonferensies, -werksinkels en -forums by wat nasionaal én internasionaal aangebied word.

Laastens is dit ook die verantwoordelikheid van die Raad om te verseker dat gewettigde dobbelary nie onbeheerbare verwante maatskaplike- en ekonomiese probleme oplewer nie. Die bevordering van verantwoordelike dobbelary vereis dat die Raad hulpbronne moet bestee aan bewusmakingsveldtogte en ander gepaste ingrypingsprogramme moet ontwikkel en implementeer.

Om die geloofwaardigheid van die bedryf in die provinsie te handhaaf, het die Raad met die hulp van die SAPD op alle bewerings van onwettige dobbelary gereageer. Ten einde op die toenemende gevalle van bewerings van onwettige dobbelary te reageer, sal die Raad die Wetstoepassingseenheid uitbrei om aandag aan hierdie bewerings te skenk.

Daar moet uit die staanspoor kennis geneem word dat die mandaat en operasionele aktiwiteite van die Raad aangepas is by die volgende Provinsiale Strategiese Doelwitte:

- PSD 1 - Skep geleenthede vir groei;
- PSD 3 - Bevorder welstand en veiligheid en pak die maatskaplike euwels aan; en
- PSD 5 - Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing

2.2. Organisasoriese omgewing

Die Raad het die samesmelting van die Departement Wedrenne en Weddery se funksies met dié van die Departement Lisensiëring en die Departement Dobbelary-nakoming aanbeveel en dit is deur die Minister goedgekeur.

Met die ontbinding van die Departement Wedrenne en Weddery, is die pos van Departementshoof: Wedrenne en Weddery opgehef, wat in effek 'n kennishulpbron uit die HUB se ondersteuningstruktuur verwyder het.

Die Departementshoofde van Lisensiëring en Dobbelarynakoming moet nou vertrou raak met 'n sektor van die bedryf wat buite hul domein was vir so lank as wat die Raad in bestaan is. Hierdie departementshoofde sal dus 'n leerproses moet ondergaan ten einde die prosesse wat by hul portefeuljies gevoeg is, doeltreffend te bestuur.

Daarbenewens moet 'n proses van veranderingsbestuur gevolg word om die herverdeling van personeel te bestuur en ten einde die prosesse van die sektor Wedrenne en Weddery by die prosesse van die nuwe departemente te inkorporeer.

Die Raad het die aanstelling van 'n konsultant goedgekeur om die gladde integrasie van die departemente, die personeel en die prosesse te bestuur.

Daarbenewens het die Minister drie bykomende poste van wetstoepassing goedgekeur, wat die personeel in die afdeling wetstoepassing op vier te staan bring. Met die klem op die uitwissing van onwettige dobbelary, sal hierdie hulpbronne aangewend word om onwettige operateurs regoor die Wes-Kaap Provinsie te identifiseer en te vervolg.

Die Raad is besig met die vulling van vakante poste ten einde meer doeltreffend te wees. 'n

Tekort aan akkommodasie beperk egter die aanstelling van sekere personeel, aangesien die Raad nie in staat is om al sy personeel en die benodigde bergingsruimte te huisves nie.

Dit moet in ag geneem word dat die Raad deur middel van oortyd en personeelverbintenis steeds daarin geslaag het om sy verpligtinge en sy mandaat na te kom.

2.3. Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderings

WMet die inwerkingtreding van die nuwe BSEB-kodes op 1 Mei 2015, het die Raad 'n konsultasieproses ingestel om die impak van die nuwe kodes op lisensiehouers se huidige lisensievoorwaardes te bepaal. Na afloop van hierdie konsultasieproses sal die Raad bepaal tot watter mate lisensiehouers se huidige lisensievoorwaardes gewysig en/of verbeter moet word. Die Raad ondersteun ten volle die Departement van Handel en Nywerheid se wetgewende doelwitte, soos uiteengesit in die nuwe BSEB-kodes en die Wysigingswet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2013.

Alle nuwe aansoeke om lisensies as beroepswedder, totalisator en beroepswedderpersele word slegs op grond van uitnodiging oorweeg. Dit beteken dat aansoeke vir hierdie kategorieë van lisensies slegs op grond van 'n behoorlik geadverteerde Versoek om Aansoek ("VOA") ingedien kan word. 'n VOA sal op die Raad se webwerf, in die Staatskoerant en koerante geadverteer word. Die Raad het die aansoekprosedures hersien teen die agtergrond van insette wat van die publiek, die bedryf en belanghebbendes ontvang is. Dit sal lei tot 'n beheerde aansoekproses waarvolgens die Raad duidelik kwalifiserende kriteria en doelwitte vir die uitrol van bykomende persele of die verkryging van nuwe beroepswedderlisensies kan bepaal. Hierdie proses is nog in sy kinderskoene en sal twee-jaarliks deur die Raad se Komitee oor Perdewedrenne hersien word.

Die studie oor die sosio-ekonomiese impak van gereguleerde dobbelary in die Provinsie van die Wes-Kaap is afgehandel. Die Raad sal nou begin om sy toesighoudende liggame en ander belanghebbendes te raadpleeg voordat finale beslissings oor die regulatoriese impak van die bevindinge en gevolgtrekkings van die impakstudie gemaak word.

Die Raad het gedurende die tydperk onder oorsig insette op die volgende beleids of wetgewende instrumente voorgelê:

- Konsultasiedokument oor die hersiening van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001
- Die Nasionale Norme en Standaard vir Dobbeldary; en
- Die Konsepwetsontwerp op Afstand-dobbeldary.

Die Raad het wysigings aan sy Wedrenne- en Wedderyreëls gewysig, wat ook gedurende

die oorsigtydperk in die Provinsiale Koerant gepubliseer is. Hierdie wysigings het grotendeels gehandel oor administratiewe aangeleenthede en het ook onder meer 'n hersiene skedule van boetes bevat.

Die Raad het sy regulasies ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Dobbeldary en Wedrenne, 1996 hersien en die voorgestelde wysigings aan die Minister voorgelê. Hierdie wysigings word tans deur die Kantoor van die Minister oorweeg en sal mettertyd vir openbare kommentaar gepubliseer word.

2.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit

| | |
|----------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Strategiese doelwit | Om te verseker dat alle dobbeldary, wedrenne en aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan, doeltreffend in die Provinsie gereguleer word, terwyl die voordeel van geregleerde dobbeldary gemaksimeer word en die negatiewe impak geminimeer word. |
| Vordering | 'n Omgewing is geskep wat betroubaar en haalbaar is en die voordele is gemaksimeer en die negatiewe impakte van die bedryf is geminimeer. |

3. Prestasie-inligting per program

3.1. Program 1: Raad en Administrasie

Doel van die program

Om dobbeldary in die Provinsie van die Wes-Kaap te beheer en reguleer

Programbeskrywing

Om die strategiese rigting te voorsien en ondersteuningsdienste van gehalte aan die Raad en die belanghebbendes te lewer.

Strategiese doelwit

- Om doeltreffende en effektiewe leierskap van en toesighouding oor alle funksies wat aan die Raad opgedra word, te voorsien.
- Om doeltreffende en effektiewe bestuur van alle funksies wat aan die Raad opgedra word, te voorsien.
- Om regsadviserende steun- en navorsingsdienste aan die Raad te lewer.
- Om 'n vaardige en doeltreffende menslike hulpbrondiens aan die Raad te lewer.

- Om 'n doeltreffende en effektiewe administratiewe en finansiële diens aan die Raad te lewer.

Programstruktuur

Die program bestaan uit sewe Raadslede, die Hoof Uitvoerende Beampte, die Bestuurder Regsdienste en die Professionele Assistent: Regsdienste, die Hoof Finansiële Beampte, die Senior Finansiële Beampte, die Senior Administratiewe Beampte, Menslike Hulpbronbestuurder, die Raadsekretaris en 10 goedgekeurde ondersteuningspersoneel.

Die program is in die volgende subprogramme gestruktureer:

- Subprogram 1.1: Raad
- Subprogram 1.2: Uitvoerende Bestuur
- Subprogram 1.2.1: Regsdienste
- Subprogram 1.2.2: Menslike Hulpbronne
- Subprogram 1.3: Administrasie en Finansies

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne Raad



Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Die Raad het in Maart 2015 die eerste Beraad oor Verantwoordelike Dobbelary aangebied, wat 'n reuse-sukses was en uitstekende terugvoer van alle bywoners ontvang het. Dit was die eerste konferensie van sy soort wat deur 'n provinsiale raad op dobbelary aangebied is en lewer bewys van die besluit

wat die Raad geneem het met betrekking tot verantwoordelike dobbelary en maatreëls om probleem-dobbelary aan te pak.

Die Raad het ook 'n teaterproduksie aangebied, wat na skole in die Wes-Kaap geneem is en verdere produksies word vir die 2015/16-boekjaar beoog. Die bekendstelling van die Raad se kwartaallikse tydskrif was nog 'n prestasie wat in die oorsigjaar behaal is.

Subprogram 1.1: Raad

Strategiese doelwit

| Subprogram 1.1: Raad | | | | | |
| Naam | Pos-benaming (inevolge die Raad se struktuur) | Datum aangestel | Datum van bedanking/verstryking van termyn | Kwalifikasies | Gebied van kundighied | Raad Direkteur-skappe (lys die entiteite) | Getal raadsvergaderings gehou | Getal raadsvergaderings bygewoon | Ander komitees (bv. Oudit-komitee) | Getal komiteevergaderings gehou | Getal komiteevergaderings bygewoon | Totaal getal vergaderings bygewoon |
|---------------|-----------------------------------------------|-----------------|--------------------------------------------|---------------|------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------|----------------------------------|------------------------------------|---------------------------------|------------------------------------|------------------------------------|
| Me A Lapoorta | Voorsitter Raad | 22 Mei 2013 | 21 Mei 2016 | B.Com GR(SA) | Ouditering en Rekening-kunde | Wes-Kaapse Raad op Dobbelay & Wedrenne Kuhumelela Trading (Pty) Ltd Kuhumelela Advisory Services (Pty) Ltd | 15 | 15 | Finansies- & IT-komitee | 4 | 3 | 21 van 23 |
| Mnr T Arendse | Raadslid | 12 Feb 2014 | 11 Feb 2017 | STR GR (SA) | Ouditering en Rekening-kunde | Wes-Kaapse Raad op Dobbelay & Wedrenne | 15 | 13 van 15 | Oudit-komitee | 4 | 4 | 25 van 27 |
| | | | | | | | | | Finansies- & IT-komitee | 4 | 4 | |
| | | | | | | | | | LPM-komitee | 4 | 4 | |

| Naam | Pos-benaming (inevolge die Raad se struktuur) | Datum aangestel | Datum van bedanking/ verstryking van termyn | Kwalifikasies | Gebied van kundigheid | Raad Direkteur-skappe (lys die entiteite) | Getal raadsver-gaderings gehou | Getal raadsver-gaderings byge-woon | Ander komitees (bv. Oudit-komitee) | Getal komitee-vergaderings gehou | Getal komitee-vergaderings byge-woon | Totaal getal ver-gaderings byge-woon |
|------------------|------------------------------------------------------|----------------------------|-------------------------------------------------------------|----------------------------------|----------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------|-------------------------------------------|-------------------------------------------|-----------------------------------------|---------------------------------------------|---------------------------------------------|
| Me US Deglon | Raadslid | 20 Jan 2011 12 Feb 2014 | 19 Jan 2014 11 Feb 2017 Op 10 Maart 2015 bedank | MA (Navorsing-sielkunde) UK 2006 | Menslike Hulp-bronne & Navorsing | Wes-Kaapse Raad op Dobbelay & Wedrenne Suid-Afrikaanse Gestremdheid-ontwikkelings-trust (SAGOT) Die Learning Cape-inisiatief Internasionale Arbeids-organisasie Die Wêreld-gesondheids-organisasie | 15 | 13 van 14 | Casino-komitee | 4 | 3 | 21 van 25 |
| | | | | | | | | | Menslike Kapitaal-komitee | 4 | 1 of 3 | |
| | | | | | | | | | LPM-komitee | 4 | 4 | |
| Mev I Du Plessis | Raadslid | 12 Feb 2014 | 11 Feb 2017 2017 Op 17 April 2014 bedank | BA. LLB (Regte) | Regte | Wes-Kaapse Raad op Dobbelay & Wedrenne | 15 | 0 van 0 | Casino-komitee | 4 | 0 van 0 | 0 of 1 |
| | | | | | | | | | Menslike Kapitaal-komitee | 4 | 0 van 1 | |
| | | | | | | | | | LPM-komitee | 4 | 0 van 0 | |

Raadslid Inligting (vervolg)

| Naam | Pos- benaming (inevolge die Raad se struktuur | Datum aangestel | Datum van bedanking/ verstryking van termyn | Kwalifi- kasies | Gebied van kundigheid | Raad Direkteur- skappe (lys die entiteite) | Getal raadsver- gaderings gehou | Getal raadsver- gaderings byge- woon | Ander komitees (bv. Oudit- komitee) | Getal komitee- vergader- ings gehou | Getal komitee- vergade- rings by- gewoon | Totaal getal ver- gaderings byge- woon |
|---------------------|-----------------------------------------------------------|--------------------|------------------------------------------------------|-----------------------------------------|------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------|--------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------|------------------------------------------------------|----------------------------------------------------|
| Mnr DA Federicks | Raadslid | 30 Aug 2012 | 29 Aug 2015 | Diploma Arbeids- betrek- kinge | Arbeids- betrek- kinge | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary & Wedrenne | 15 | 15 | Menslike Kapitaal- komitee LPM- komitee Casino- komitee | 4 4 4 | 4 4 4 | 27 van 27 |
| Mnr D Lakay | Raadslid | 10 Des 2014 | 10 Des 2017 | B.Com Rekening- kunde | Rekening- kunde en Finansiële Bestuur | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary & Wedrenne Kommissie vir bemiddeling, versoening en arbitrasie (KBVA) Lid van Finansies- en Risikokomitee (FRK) | 15 | 2 van 3 | Casino- komitee Finansies- & IT-komitee LPM- komitee | 4 4 4 | 0 van 0 0 van 0 0 van 0 | 2 of 3 |

| Naam | Pos-benaming (inevolge die Raad se struktuur) | Datum aangestel | Datum van bedanking/ verstryking van termyn | Kwalifikasies | Gebied van kundighied | Raad Direkteur-skappe (lys die entiteite) | Getal raadsvergaderings gehou | Getal raadsvergaderings byge-woon | Ander komitees (bv. Oudit-komitee) | Getal komitee-vergaderings gehou | Getal komitee-vergaderings byge-woon | Totaal getal vergaderings byge-woon |
|----------------|------------------------------------------------------|------------------------------|----------------------------------------------------|----------------------|------------------------------|--------------------------------------------------|--------------------------------------|------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------|---------------------------------------------|--------------------------------------------|
| Mnr HC Malila | Raadslid | 27 Sept 2011 27 Sept 2014 | 26 Sept 2014 26 Sept 2015 | MBA B. Compt. | Staats-finansies | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary & Wedrenne | 15 | 12 | Finansies- & IT-komitee Komitee oor Perde-wedrenne | 4 4 | 2 4 | 18 van 23 |
| Mnr DN Polovin | Onder-voorsitter Raad | 22 Okt 2012 | 21 Okt 2015 | LL.M | Regte | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary & Wedrenne | 15 | 15 | Casino-komitee Menslike Kapitaal-komitee Komitee oor Perde-wedrenne | 4 4 4 | 2 4 4 | 25 van 27 |

Eksterne Auditkomitee Lede

| Naam | Pos-benaming (inevolge die Raad se struktuur) | Datum aangestel | Datum van bedanking/verstryking van termyn | Kwalifikasies | Gebied van kundighied | Raad Direkteur-skappe (lys die entiteite) | Ander komitees (bv. Ouditkomitee) | Getal komitee-vergaderings gehou | Getal komitee-vergaderings bygewoon |
|---------------|------------------------------------------------------|----------------------------|--------------------------------------------|------------------------------------------------|------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------|----------------------------------|-------------------------------------|
| Mnr PK Slack | Ouditkomitee Onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter | 29 Sept 2009 5 Feb 2013 | 28 Sept 2012 4 Feb 2016 | B Comm (Hons) Finansiële Bestuur GR (SA) | Ouditering en Rekening-kunde | Raadsvoorsitter Westelike Provinsie Bloedoortappingsdiens Suid-Afrikaanse Olie- en Gas-alliansie (SAOGA) Nasionale Alliansie vir die Ontwikkeling van Gemeenskaps-advieskantore | Ouditkomitee | 4 | 4 |
| Mnr MR Burton | Ouditkomitee Onafhanklike nie-uitvoerende lid | 8 Des 2011 17 Feb 2015 | 7 Des 2014 16 Feb 2018 | B:Compt Hons GR (SA) | Ouditering en Rekening-kunde | Wes-Kaapse Drank-owerheid | Ouditkomitee | 4 | 4 |

| Komitee | Getal vergaderings gehou | Getal lede | Naam van lid |
|---------------------------|--------------------------|------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Ouditkomitee | 4 | 3 | Mnr PK Slack [Voorsitter] Mnr Burton (lid) [Termyn as lid van Ouditkomitee het op 7 Desember 2014 verstryk; op 17 Februarie 2015 as komiteelid heraangestel] Mnr T Arendse (lid) |
| Casino-komitee | 4 | 3 | Mnr DA Fredericks (Voorsitter) [Op 26 Februarie 2014 as Komiteevoorsitter aangestel] Me US Deglon (lid) [Op 10 Maart 2015 as Raadslid bedank] Mev I du Plessis (lid) [Op 17 April 2014 as Raadslid bedank] Mnr D Lakay (lid) [Op 9 Maart 2015 as komiteelid aangestel] Me A Lapoorta (lid) [Op 31 Maart 2015 as gekoöpteerde komiteelid aangestel totdat 'n nuwe Raadslid in mev Deglon se plek aangestel is] Mnr D Polovin (lid) [Op 29 April 2014 op komitee aangestel; diens as komiteelid op 9 Maart 2015 beëindig] |
| Finansies- & IT-komitee | 4 | 3 | Mnr T Arendse (Voorsitter) [Diens as komiteevoorsitter op 9 Maart 2015 beëindig] Mnr D Lakay (Voorsitter) [Op 9 Maart 2015 as Komiteevoorsitter aangestel] Me A Lapoorta (lid) [Diens as komiteelid op 9 Maart 2015 beëindig] Mnr HC Malila (lid) |
| LPM-komitee | 4 | 3 | Mnr T Arendse (Voorsitter) [Op 9 Maart 2015 as komiteevoorsitter aangestel] Me US Deglon (Voorsitter) [Diens as komiteevoorsitter op 9 Maart 2015 beëindig; op 10 Maart 2015 as Raadslid bedank] Mev I du Plessis (lid) [Op 17 April 2014 as Raadslid bedank] Mnr DA Fredericks (lid) [Diens as komiteelid op 26 Februarie 2014 beëindig; op 29 April 2014 as komiteelid heraangestel] Mnr D Lakay (lid) [Op 31 Maart 2015 as komiteelid aangestel] |
| Menslike Kapitaal-komitee | 4 | 3 | Me A Lapoorta (Voorsitter) [Op 9 Maart 2015 as komiteevoorsitter aangestel] Mnr DN Polovin (Voorsitter) [Diens as komiteevoorsitter op 9 Maart 2015 beëindig] Me US Deglon (lid) [Op 29 April 2014 as komiteelid aangestel; diens as komiteelid op 9 Maart 2015 beëindig; op 10 Maart 2015 as Raadslid bedank] Mnr DA Fredericks (lid) |
| Komitee oor Perdewedrenne | 4 | 3 | Mnr HC Malila (Voorsitter) Me A Lapoorta (lid) Mnr DN Polovin (lid) |

Reëlings Betreffende Vergoeding van die Raad

Raadsvergaderings:

- Die vergoeding van Raadslede vir vergaderings wat by die kantore gehou word, is 'n vasgestelde bedrag van **R4 153.67**, ongeag die tydsduur van die vergadering en is allesinsluitend van voorbereidings- en reistyd.

Raadskomitees en ander gebeure:

- Die vergoeding vir ander vergaderings en gebeure, byvoorbeeld komiteevergaderings en openbare verhore, is gebaseer op 'n uurlikse tarief wat, benewens die tyd bygewoon, ook die tyd gereis, voor-bereidingstyd en vergoeding vir kilometers afgelê dek.
- Die uurlikse bedrag is **R519.21** per uur.
- Hierdie vergoeding is betaalbaar tot die ekwivalent van 'n maksimum van 8 uur per dag, plus kilometers afgelê.
- Die praktyk is vir lede om aan die begin van elke vergadering vir die Sekretaris mee

te deel wat hul voorbereidingstyd vir 'n bepaalde vergadering was.

- Die kilometers wat afgelê word in gevalle waar die roetes wissel van die gewone roete na die kantoor van die Raad, word ook individueel aan die Raadsekretaris voorsien.

Voorsitter:

Raadsvergaderings: **R5 345.63** per vergadering.

Raadskomitees en ander gebeure: **R668.20** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Ondervoorsitter:

Raadsvergaderings: **R4 153.67** per vergadering.

Raadskomitees en ander gebeure **R519.21** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Waarnemend as voorsitter:

Raadsvergaderings: **R4 654.01** per vergadering.

Raadskomitees en ander gebeure: **R581.75** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Vergoeding van Raadslede

| Naam | Vergoeding R | Ander toelaag R | Ander terugbetalings R | Totaal R |
|-------------------|----------------|-----------------|------------------------|------------------|
| Raad | | | | |
| Me A Lapoorta | 200 739 | - | 17 447 | 218 216 |
| Mnr DN Polovin | 209 655 | - | 17 730 | 227 385 |
| Mnr T Arendse | 186 829 | - | 17 321 | 204 150 |
| Mnr DA Fredericks | 207 294 | - | 18 811 | 226 106 |
| Mnr D Lakay | 25 960 | - | 1 976 | 27 937 |
| Mnr HC Malila | - | - | 21 722 | 21 722 |
| Mev US Deglon | 157 667 | - | 21 363 | 179 029 |
| Mev I Du Plessis | - | - | 3 011 | 3 011 |
| Totaal | 988 145 | - | 119 412 | 1 107 556 |

Buitelandse Reise van Raadslede

| Konferensie: Asian Racing Konferensie – Hong Kong – 02 tot 10 Mei 2014 | | | | | | | | |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|-------------------|-------------------|-------------------|-------------------|----------|----------|-------------------|
| Voordele uit bywoning verkry: Blootstelling aan die huidige beste praktyke in die Perdewedren-bedryf en oplossings vir algemene uitdagings | | | | | | | | |
| Naam | Posbenaming | Reis en verblyf | Vliegkaartjies | Konferensie-gelde | Onderhouds-toelae | Gelde | Ander | Totaal |
| Mnr HC Mailila | Raadslid | R34 388.80 | R31 114.20 | R15 877.29 | R10 417.64 | - | - | R92 297.93 |
| Totale | | R34 388.80 | R31 114.20 | R15 877.29 | R10 417.64 | - | - | R92 297.93 |

| Konferensie: G2E Konferensie – Las Vegas, Nevada – 26 September tot 04 Oktober 2014 | | | | | | | | |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|-------------------|--------------------|-------------------|-------------------|-------------------|----------|--------------------|
| Voordele uit bywoning verkry: Bekendstelling aan die nuutste dobbeltechnologie en -ontwerpe en 'n begrip van die werking daarvan en die moontlike risiko's en uitdagings wat ons te wagte kan wees. | | | | | | | | |
| Naam | Posbenaming | Reis en verblyf | Vliegkaartjies | Konferensie-gelde | Onderhouds-toelae | Gelde | Ander | Totaal |
| Me A Lapoorta | Voorsitter | R14 787.00 | R70 842.00 | R23 980.15 | R12 327.45 | R48 110.40 | - | R170 047.00 |
| Mev US Deglon | Raadslid | R18 950.61 | R70 742.00 | R23 950.15 | R12 327.49 | R37 383.12 | - | R163 353.37 |
| Totaal | | R33 737.61 | R141 584.00 | R47 930.30 | R24 654.94 | R85 493.52 | - | R333 400.37 |

Buitelandse Reise van Raadslede (vervolg)

| Konferensie: IAGR en IAGA Konferensie – Philadelphia, VSA - 24 Oktober tot 04 November 2014 | | | | | | | | |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|-------------------|-------------------|-------------------|-------------------|-------------------|----------|--------------------|
| Voordele uit bywoning verkry: Blootstelling aan die huidige beste praktyke in die Casino-bedryf en oplossings vir algemene uitdagings. | | | | | | | | |
| Naam | Posbenaming | Reis en verblyf | Vliegkaartjies | Konferensie-gelde | Onderhouds-toelae | Gelde | Ander | Totaal |
| Mnr DN Polovin | Raadslid | R45 231.29 | R57 955.00 | R13 192.22 | R12 477.18 | R49 844.16 | - | R178 699.85 |
| Mnr DA Fredericks | Raadslid | R35 747.01 | R37 180.00 | R13 192.22 | R14 304.50 | R45 690.48 | - | R146 114.21 |
| Totaal | | R80 978.30 | R95 135.00 | R26 384.44 | R26 781.68 | R95 534.64 | - | R324 814.06 |

| Konferensie: ICE Konferensie – Londen, VK - 31 Januarie tot 06 Februarie 2015 | | | | | | | | |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|-------------------|-------------------|-------------------|-------------------|-------------------|----------|--------------------|
| Voordele uit bywoning verkry: Blootstelling aan innovasies in e-dobbelary en oplossings vir algemene uitdagings. | | | | | | | | |
| Naam | Posbenaming | Reis en verblyf | Vliegkaartjies | Konferensie-gelde | Onderhouds-toelae | Gelde | Ander | Totaal |
| Mnr T Arendse | Raadslid | R25 472.61 | R16 928.39 | R29 996.15 | R10 387.38 | R29 075.76 | - | R111 860.29 |
| Totaal | | R25 472.61 | R16 928.39 | R29 996.15 | R10 387.38 | R29 075.76 | - | R111 860.29 |

Buitelandse Reise van Raadslede (vervolg)

| Totaal / Konferensie | Reis en verblyf | Vliegkaartjies | Konferensie-gelde | Onderhouds-toelae | Gelde | Ander | Totaal |
|--------------------------|--------------------|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------|----------|--------------------|
| Asian Racing Konferensie | R34 388.80 | R31 114.20 | R15 877.29 | R10 417.64 | - | - | R92 297.93 |
| G2E Konferensie | R33 737.61 | R141 584.00 | R47 930.30 | R24 654.94 | R85 493.52 | - | R333 400.37 |
| IAGR en IAGA Konferensie | R80 978.30 | R95 135.00 | R26 384.44 | R26 781.68 | R95 534.64 | - | R324 814.06 |
| ICE Konferensie | R25 472.61 | R16 928.39 | R29 996.15 | R10 387.38 | R29 075.76 | - | R111 860.29 |
| Totaal | R174 577.32 | R284 761.59 | R120 188.18 | R72 241.64 | R210 103.92 | - | R862 372.65 |

Besluite van Staande Komitees

| Staande Komitee oor Openbare Rekeninge | | |
|----------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------|
| Datum van besluit | Besonderhede | Vordering met implementering |
| 16 Oktober 2014 | Deel die komitee mee oor die getal vervolgings wat gedurende die 2014/15-boekjaar onderneem is, insluitend die finansiële implikasies van die beraamde inkomste wat gedurende die oorsigjaar verloor is. | Vergadering gehou op 04 Maart 2015 |
| 16 Oktober 2014 | Verskaf aan die komitee 'n gedetailleerde verslag oor sy inisiatiewe ten opsigte van maatskaplike verantwoordelikheid, soos aangedui in aantekening 13 op bladsy 54 van die entiteit se jaarverslag. | Verslag opgestel September 2014 |

4. Risikobestuur

Risikobestuur vorm 'n integrale deel van die oorhoofse aktiwiteite van die Raad. Die Raad poog om deur middel van Ondernemingsrisikobestuur te verseker dat hy voortdurend daarin slaag om sy strategiese doelwitte te bereik.

Die WKRDW se risikobestuur sluit in:

- Integreer risikobestuur by die kultuur en strategiese besluitneming van die WKRDW;
- Voorsien en reageer op veranderende maatskaplike, omgewings- en wetgewende toestande;
- Bestuur risiko in ooreenstemming met beste praktyk en demonstreer behoorlike omsigtigheid in besluitneming;
- Beskou wetlike nakoming as 'n minimum standaard;
- Balanseer die koste van die bestuur van risiko met die verwagte voordele; en
- Verhoog bewustheid oor die behoefte aan risikobestuur.

Risikobestuurstrategieë om risiko's by die WKRDW te identifiseer en bestuur, insluitend die volgende oorwegings:

- die Raad, Departementshoofde en Bestuurders is verantwoordelik vir die toesig oor risikobestuur;

- die Raad, Departementshoofde en Bestuur neem 'n oop en ontvanklike benadering tot die oplossing van risikoprobleme aan;
- die Departementshoofde en Bestuur ondersteun, adviseer oor en implementeer beleide wat deur die Raad goedgekeur is;
- die WKRDW is konserwatief en omsigtig in die erkenning en openbaarmaking van die finansiële en niefinansiële implikasies van risiko's en geleenthede;
- die Hoof Uitvoerende Beampte, Departementshoofde en Bestuurders is verantwoordelik om goeie risikobestuurpraktyke in hul eenhede aan te moedig; en
- belangrike risiko-aanwysers sal op 'n kwartaallikse basis geïdentifiseer en gemonitor word.

Die Raad, sy Departementshoofde en Bestuurders assessee van tyd tot tyd die organisatoriese risiko's ingevolge die riglyne en metodes wat deur die Uitvoerende Gesag by wyse van die LUR aan hulle voorsien word. Gevolglik word elke departement se risiko's saam met die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) en die algehele begroting hersien.

5. Interne Kontrole

Die Raad se interne kontroles is doeltreffend, soos deur die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika geouditeer. Die Raad het 'n aantal beleide en standaard bedryfsprosedures in plek wat spesifiek ontwerp is vir die beheer en behoorlike bestuur van die Raad se aangeleenthede. Die verantwoordelikheid om hierdie beheermaatreëls te implementeer word aan die HUB toevertrou. Die eksterne én interne ouditeure toets egter of die kontroles nie alleenlik doeltreffend is nie, maar ook aan die bepalings van die WOFB voldoen.

'n Risikoregister is gedurende die oorsigjaar saamgestel, voortdurende hersiening van kontroles is uitgevoer om geïdentifiseerde risiko's te verminder, verslae is aan die Finansies- en IT-komitee en die Ouditkomitee voorgelê en gevolglike aanbevelings is aan die Raad gemaak.

6. Interne Oudit En Ouditkomitees

Die doel van die uitvoering van interne oudits twee keer 'n jaar is om die Raad te voorsien van 'n onafhanklike en objektiewe versekerings- en raadgewende diens wat ontwerp is om die Raad se bedrywighede te help verbeter. Die interne ouditeure dra by tot 'n stelselmatige en gedissiplineerde benadering tot die evaluering van die doeltreffendheid van die Raad se risikobestuurs-, beheer- en bestuursproses.

Die hoof van interne oudit rapporteer administratief aan die HUB en funksioneel aan die Ouditkomitee.

Die bywoning van Ouditkomiteevergaderings deur lede was soos volg:

| Naam van Lid | Getal vergaderings bygewoon |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------|
| 1. Mnr. P Slack | 4 van 4 |
| 2. Mnr M Burton* | 4 van 4 |
| 3. Mnr T Arendse | 4 van 4 |
| *[Lidmaatskap van Ouditkomitee het op 7 Des 2014 verstryk] [Heraangestel as lid van Ouditkomitee van 17 Feb 2015 tot 16 Feb 2018] | |

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, posisie in die Raad | Datum aangestel | Datum bedank | Getal vergaderings bygewoon |
|-----------|-----------------------------|-------------------|------------------------------------|--------------------------------------------------|--------------|-----------------------------|
| P Slack | Geoktrooieerde Rekenmeester | Ekstern | N.v.t. | 5 Februarie 2013 | - | 4 |
| M Burton | Geoktrooieerde Rekenmeester | Ekstern | N.v.t. | 8 Desember 2011 17 Feb 2015 [heraangestel] | - | 4 |
| T Arendse | Geoktrooieerde Rekenmeester | Raadslid | N.v.t. | 26 Februarie 2014 | - | 4 |

7. Nakoming van Wette en Regulasies

Die Raad voldoen aan elke bepaling van alle betrokke wette en regulasies.

8. Bedrog en Korrupsie

Die WKRDW het gedurende die 2011-boekjaar 'n Beleid oor Bedrog en Teenkorrupsie goedgekeur. Die beleid is ten volle geïmplementeer en maak voorsiening vir die aanmelding van bedrog d.m.v. die nasionale blitslyn en regstreeks aan die HUB wat dan aan die Raad verslag doen.

Aanmeldings word deur 'n toegewyde Bedrogkomitee ondersoek en aan die HUB gerapporteer. Die HUB oorweeg die aangeleenthede en doen verslag aan die Raad.

9. Minimalisering van Belangebotsing

Die WKRDW ontvang elke jaar gedurende die maand van April 'n verklaring van elke Raadslid oor hulle aandeelhouding en sakebelange. Dit word dan aangeteken en op lêer gehou. Hierdie verklarings word hersien om vas te stel dat geen Raadslid gekompromitteer word deur 'n belang wat daardie Raadslid mag hê nie.

Daarbenewens, op elke Raadsvergadering, moet Raadslede verklaar of hulle enige belang het wat hul oordeel moontlik kan beïnvloed wanneer sake voor die Raad beraadslaag word.

Daar word ook van alle diensverskaffers verwag om 'n WCBD4-vorm te voltooi om te sertifiseer dat daar is geen verwantskap tussen die diensverskaffer en 'n werknemer van die WKRDW is nie.

10. Gedragskode

Die Gedragskode vorm die kern van die bereiking van die WKRDW se missie om openbare vertroue en geloof te kweek en om 'n stabiele, regverdige, bestendige en doeltreffende regulatoriese omgewing daar te stel.

Die Kode verseker die lewering van hoë standaarde deur werknemers van die WKRDW en Raadslede te lei met betrekking tot beste

praktyk en die voortgesette verbetering in standaarde.

Die Gedragskode is geredelik aanlyn beskikbaar vir alle werknemers en Raadslede op die WKRDW se intranet, waartoe elke individu toegang het. Wanneer 'n nuwe werknemer in diens gestel word en Raadslede aangestel word, vorm die Kode deel van die induksie-dokumentasie, waarvoor alle individue 'n erkenning van ontvangs moet onderteken.

Nakoming van die Gedragskode word streng toegepas en gemonitor en enige oortredings daarvan word ingevolge die Raad se dissiplinêre kode en prosedure hanteer.

11. Gesondheid-, Veiligheid- en Omgewingskwessies

Die Raad het 'n gevestigde Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee (OHASA-komitee) wat kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) ingestel is. Die OHASA-komitee, wat verteenwoordigend is van al die Raad se departemente, vergader teen vasgestelde maandelikse tussenposes gedurende die jaar om die status van gesondheid en veiligheid by die Raad te evalueer en enige aangeleenthede wat opduik te behandel.

12. Maatskappysekretaris

Die Raad het nie 'n maatskappysekretaris nie. Die Raad het egter 'n eenheid van drie personelede in die Departement Administrasie en Finansies wat as die sekretariaat te dien.

13. Sosiale Verantwoordelikheid

Terwyl die Raad self nie enige programme oor maatskaplike verantwoordelikheid vir die jaar gehad het nie, lê die Raad sekere voorwaardes aan lisensiehouers op om te verseker dat hulle wel hulpbronne toeken om behoeftige gemeenskappe te ondersteun.

Die Raad het ook die Wes-Kaapse Forum vir Verantwoordelike Dobbelyng ingestel om die potensiële ewels verbonde aan dobbelyng aan te spreek.



14. Verslag van die Ouditkomitee

Ons bied met genoeë ons verslag vir die finansiële jaar aan wat op 31 Maart 2015 geëindig het.

Lede van die Ouditkomitee en bywoning

Die ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder genoem en vergader ten minste vier keer 'n jaar ingevolge die goedgekeurde verwysingsraamwerk. Vier vergaderings is gedurende die 2014/15-boekjaar gehou.

| Naam van lid | Getal vergaderings bygewoon |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------|
| 1. Mnr P Slack | 4 van 4 |
| 2. Mnr M Burton* | 4 van 4 |
| 3. Mnr T Arendse | 4 van 4 |
| *[Lidmaatskap van Ouditkomitee het op 7 Des 2014 verstryk] [Heraangestel as lid van Ouditkomitee van 17 Feb 2015 tot 16 Feb 2018] | |

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee verklaar dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos bepaal deur artikel (51)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 27.1.10. Die Ouditkomitee verklaar verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk as die Ouditkomiteehandves aanvaar is, aangeleenthede ter nakoming van hierdie handves gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

Die Komitee het 'n jaarlikse self-assessering uitgevoer ten opsigte van sy eie nakoming van die vereiste funksies ingevolge die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur, sy eie handves en verwysingsraamwerk, die betrokke Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op

Openbare Finansiële Bestuur. Die Komitee het aan al die onderskeie vereistes voldoen.

Die doeltreffendheid van interne beheer

Ons hersiening van die bevindings van interne oudit se werk, wat gegrond was op die risiko-beoordeling wat in die Raad uitgevoer is, het sekere swakhede aangedui wat met die Raad bespreek is, waarna regstellende stappe ingestel is om die risiko's te minimaliseer.

Die stelsel van kontroles is ontwerp om kostedoeltreffende versekering te gee dat bates beskerm is en dat laste en bedryfskapitaal doeltreffend bestuur word. Die stelsel wat deur die Raad toegepas word ten opsigte van finansiële risiko en risikobestuur is effektief, doeltreffend en deursigtig.

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die King III-verslag oor vereistes vir korporatiewe beheer, verskaf Interne Oudit versekering aan die Ouditkomitee en bestuur dat die interne kontroles gepas en doeltreffend is. Dit word deur middel van die risikobestuurproses bereik, asook die identifisering van regstellende stappe en voorgestelde verbeterings aan die kontroles en prosesse.

Die verskillende verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal het aangedui dat geen aangeleenthede aangemeld is wat enige wesentliche tekortkominge in die stelsel van interne kontrole of enige afwykings daarvan weerspieël nie. Gevolglik kan ons rapporteer dat die stelsel van interne kontrole vir die oorsigtydperk doeltreffend en effektief was.

Die Ouditkomitee is tevrede dat die interne ouditfunksie, wat uitbestee word, doeltreffend uitgevoer word en dat die risiko's wat betrekking op die Raad het in die oudit aangespreek is.

Die volgende interne ouditwerk is gedurende die oorsigjaar voltooi:

'n Hersiening van die implementering en doeltreffendheid van interne beheermaatreëls is gedurende die jaar op die volgende fokusgebiede uitgevoer:

- Hersiening van konsep- Finansiële Jaarstate 2013-14 en 2014-15
- Hersiening van Prestasie-inligting oor Voorafbepaalde Doelwitte (PVD's)
- Opvolgwerk oor vorige interne en eksterne ouditbevindings
- Verifiëring van bates
- Hersiening van die Departement Wedrenne en Weddery
- Hersiening van IT-departement
- Hersiening van die Departement Nakoming
- Hersiening van die aktiwiteite van die Raad
- Hersiening van die kantoor van die Hoof Uitvoerende Beampte
- Hersiening van die Departement Lisensiëring
- Hersiening van die Departement Adfin
- Hersiening van die Regsafdeling
- Hersiening van MH-afdeling

Die Ouditkomitee het spesifieke bykomende werk op voorsieningskanaalbestuur en inligtingstechnologie versoek.

In-jaar bestuurs- en maandelikse/ kwartaallikse verslae

Die Raad het maandelikse en kwartaallikse verslae aan die Uitvoerende Gesag voorgelê. Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die maandelikse en kwartaallikse verslae wat gedurende die oorsigjaar deur die Raad voorberei en uitgereik is.

Evaluering van finansiële state

Ons het:

- Die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit moet word, met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, bestuur en die Raad hersien en bespreek;
- Die Ouditeur-Generaal se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- Die Raad se nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings hersien; en
- Beduidende wysigings wat uit die oudit voortspruit, hersien.

Ons het die finansiële jaarstate hersien wat deur die Raad voorberei is.

Verslag van die eksterne ouditeur

Ons het die Raad se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien en ons is tevrede dat die aangeleenthede voldoende opgelos is.

Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die Ouditeur-Generaal se bevindings oor die finansiële jaarstate en is van mening dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met die verslag van die Ouditeur-Generaal gelees moet word.



Paul Slack

*Voorsitter van die Ouditkomitee
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne*



Deel D

Menslike Hulpbronbestuur

1. Inleiding

Die Raad glo dat sy werknemers sy mees waardevolle bate is. Werknemers speel 'n deurslaggewende rol in die verwesenliking van die Raad se strategiese doelwitte en die versekering van 'n bestendige gehalte in die lewering van al sy dienste as 'n regulerende gesag.

Die Departement Menslike Hulpbronne (MH) ondersteun en handhaaf die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne se doelwitte en doelstellings deur die bevordering van 'n positiewe en betrokke werksomgewing waar die veranderende behoeftes van ons diverse werksmag geïdentifiseer word en aandag geniet.

Die hoofdoel van die MH-departement is om die WKRDW te ondersteun in die bereiking van sy strategiese doelwitte, terwyl daar verseker word dat werknemers betrokke en gefokus bly. MH se sukses word gemeet aan die vermoë om prosesse by die strategiese missie aan te pas en te integreer. Daar word aldus gepoog om kwessies te identifiseer en regstellende maatreëls doeltreffend toe te pas.

Met 'n personeelomset van minder as 10% (ses bedankings uit 72 werknemers) vir die 2014/15-boekjaar, werk die MH-departement aktief daaraan om te verseker dat ons top talent werf en ervare personeel behou.

In hierdie tye van toenemend ingewikkelde projekte en tegniese uitdagings, wanneer

die kompetisie vir die beste talent in die regulatoriese bedryf meer intens as ooit is, is dit die Raad se oogmerk om van binne te ontwikkel en die interne en tegniese kundigheid, waarvoor die WKRDW bekend is en wat sy belangrikste bate bly, te behou.

Die Raad moedig 'n omgewing van ontwikkeling en bemagtiging aan, wat elke personeellid in staat stel om sy/haar vaardighede en talente uit te brei en dit aan te wend vir die handhawing van die entiteit se hoë standaarde van lewering. Die MH-departement help die Raad om sy werknemers finansiëel te ondersteun in die verwerwing van tersiêre kwalifikasies ten einde die werksmag verder te ontwikkel.

Die welstand van alle werknemers is uiters belangrik om hul beste prestasie en uitset te verseker. Die Raad se welstandsprogram moedig werknemers aan om 'n gesonder, meer gebalanseerde lewenstyl te kies en voorsien aan werknemers en hul gesinne aanlyn en na-uurse telefoniese bystand met mediese, geregtelike en sielkundige kwessies.

Die Raad het gedurende die 2014/15-boekjaar 'n nuwe salarisstruktuur geïmplementeer, ná oorlegpleging met die provinsiale Departement Organisasoriese Ontwikkeling en Provinsiale Tesourie. Die salarisse van die Raad se personeel is in lyn gebring met vergelykende poste in die staatsdiens. Die Raad het die salarisstrukture van die Staatsdiens aanvaar en alle toekomstige verhogings sal by dié van die Staatsdiens aangepas word.

2. Oorsig van Menslike Hulpbronstatistiek

Personeelkoste per program

| Program | Totale uitgawes (R' 000) | Personeel-uitgawes (R' 000) | Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes (R' 000) | Getal werknemers | Gemiddelde peroneelkoste per werknemer (R' 000) |
|---------------------|--------------------------|-----------------------------|---------------------------------------------------------|------------------|-------------------------------------------------|
| Administrasie* | 17 428 | 9 080 | 52% | 27 | 336 |
| Nakoming | 8 233 | 7 138 | 87% | 16 | 446 |
| Wedrenne en Weddery | 5 994 | 5 587 | 93% | 14 | 399 |
| Lisensiëring | 7 673 | 7 480 | 97% | 17 | 440 |
| IT | 3 842 | 1 999 | 52% | 5 | 400 |
| Totaal | 43 170 | 31 284 | 72% | 79 | 396 |

* Administrasieprogram sluit die Raad, Ouditkomitee, die Departement Administrasie en Finansies en die Departement Uitvoerende Bestuur in.

Personeelkoste per salarisband

| Vlak | Personeel-uitgawes (R' 000) | % van personeel-uitgawes tot totale personeelkoste | Getal werknemers | Gemiddelde personeelkoste per werknemer (R' 000) |
|------------------------------|-----------------------------|----------------------------------------------------|------------------|--------------------------------------------------|
| Topbestuur | 1 157 | 3.91% | 1 | 1 157 |
| Senior bestuur | 5 537 | 18.73% | 5 | 1 107 |
| Professioneel gekwalifiseerd | 6 526 | 22.07% | 11 | 593 |
| Geskoold | 12 587 | 42.57% | 29 | 434 |
| Halfgeskoold | 3 761 | 12.72% | 17 | 221 |
| Ongeskoold | - | - | - | - |
| Totaal | *29 568 | | 63 | 469 |

* Uitgesluit Raadslede se vergoeding van R1 107 556 en voorsiening van Behuisingstoelae van R574 200 en tydelike werkers se vergoeding van R35 151.

Prestasiebelonings

| Program | Prestasiebelonings (R' 000) | Personeeluitgawes (R' 000) | % van personeel-uitgawes tot totale personeelkoste |
|------------------------------|-----------------------------|----------------------------|----------------------------------------------------|
| Topbestuur | - | 1 157 | - |
| Senior bestuur | 99 | 5 537 | 2% |
| Professioneel gekwalifiseerd | 126 | 6 526 | 2% |
| Geskoold | 204 | 12 587 | 2% |
| Halfgeskoold | 49 | 3 761 | 1% |
| Ongeskoold | - | - | - |
| Totaal | 478 | *29 568 | 2% |

* Uitgesluit Raadslede se vergoeding van R1 107 556 en voorsiening van Behuisingstoelae van R574 200 en tydelike werkers se vergoeding van R35 151.

Opleidingskoste

| Direktoraat/ Sake-eenheid | Personeel- uitgawes (R'000) | Opleidings- uitgawes (R'000) | Opleidings- uitgawes as 'n % van personeelkoste | Getal werknemers opgelei | Gem. opleidings- koste per werknemer (R'000) |
|------------------------------|-----------------------------------|------------------------------------|----------------------------------------------------------|--------------------------------|----------------------------------------------------------|
| Raad | 1 032 | 20 | 2% | 6 | 3 |
| Uitvoerende Bestuur | 3 475 | 27 | 1% | 9 | 3 |
| Administrasie & Finansies | 4 573 | 2 | 0% | 11 | 0 |
| Nakoming | 7 138 | 22 | 0% | 7 | 3 |
| Wedrenne en Weddery | 5 587 | 16 | 0% | 11 | 1 |
| Lisensiëring | 7 480 | 7 | 0% | 4 | 2 |
| IT | 1 999 | 42 | 2% | 18 | 2 |
| Totaal | 31 284 | 136 | 0% | 66 | 2 |

Indiensneming en vakatures

| Program | 2013/14 Getal werknemers | 2014/15 Goedgekeurde poste | 2014/15 Getal werknemers | 2014/15 Vakatures | % van vakatures |
|------------------------|--------------------------------|----------------------------------|--------------------------------|----------------------|--------------------|
| Administrasie | 11 | 12 | 9 | 4 | 33% |
| Uitvoerende Bestuur | 2 | 3 | 2 | - | - |
| Bestuur | 8 | 8 | 6 | 2 | 25% |
| Nakoming | 13 | 16 | 15 | 1 | 6% |
| Wedrenne en Weddery | 13 | 13 | 11 | 2 | 15% |
| Lisensiëring | 15 | 16 | 16 | - | - |
| IT | 4 | 4 | 4 | - | - |
| Totaal | 66 | 72 | 63 | 9 | 13% |

| Program | 2013/14 Getal werknemers | 2014/15 Goedgekeurde poste | 2014/15 Getal werknemers | 2014/15 Vakatures | % van vakatures |
|---------------------------------|--------------------------------|----------------------------------|--------------------------------|----------------------|--------------------|
| Topbestuur | 1 | 1 | 1 | - | - |
| Senior bestuur | 7 | 7 | 5 | 2 | 29% |
| Professioneel gekwalifiseerd | 10 | 12 | 11 | 2 | 8% |
| Geskoold | 28 | 30 | 29 | 3 | 3% |
| Halfgeskoold | 20 | 22 | 17 | 2 | 13% |
| Ongeskoold | - | - | - | - | - |
| Total | 66 | 72 | 63 | 9 | 13% |

Verandering in indiensneming

| Salarisband | Indiensneming aan begin van tydperk | Aanstellings | Beëindigings | Indiensneming aan einde van tydperk |
|---------------------------------|-------------------------------------------|--------------|--------------|-------------------------------------------|
| Topbestuur | 1 | - | - | 1 |
| Senior bestuur | 7 | - | 2 | 5 |
| Professioneel gekwalifiseerd | 9 | 1 | 1 | 9 |
| Geskoold | 25 | 2 | 3 | 24 |
| Halfgeskoold | 24 | 1 | 1 | 24 |
| Ongeskoold | - | - | - | - |
| Totaal | 66 | 4 | 7 | 63 |

Redes vir diensbeëindiging

| Rede | Getal | % van totale getal diensbeëindigings |
|-------------------------|----------|--------------------------------------|
| Sterfte | - | - |
| Bedanking | 6 | 86% |
| Ontslag | - | - |
| Aftrede | - | - |
| Swak gesondheid | - | - |
| Beëindiging van kontrak | - | - |
| Ander | 1* | 14% |
| Totaal | 7 | 100 |

* Oorplasing van Me Harris na nuwe pos as Hoofouditeur.

Personeelbedankings gedurende die oorsigtydperk was meestal na ander staatsdepartemente en regulerende gesagte vir 'n hoër pos en/of hoër salaris. Die Raad het 'n

redelik jong werksmag en gegewe die plat struktuur, word daar verwag dat personeel elders bevorderingsgeleenthede sal soek.

Arbeidsbetrekkinge: Wangedrag en dissiplinêre optrede

| Aard van dissiplinêre optrede | Getal |
|--------------------------------|----------|
| Mondelinge waarskuwing | - |
| Skriftelike waarskuwing | - |
| Finale skriftelike waarskuwing | - |
| Ontslag | - |
| Totaal | - |

Billikheidsteiken en diensbillikheidstatus

| Vlakke | Manlik | | | | | | | |
|------------------------------|----------|-----------|-----------|-----------|----------|----------|----------|----------|
| | Swart | | Kleurling | | Indiër | | Wit | |
| | Huidig | Teiken | Huidig | Teiken | Huidig | Teiken | Huidig | Teiken |
| Topbestuur | 1 | - | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuur | - | 1 | 3 | 3 | - | - | - | - |
| Professioneel gekwalifiseerd | 2 | 2 | 2 | 2 | - | - | 3 | 1 |
| Geskoold | 6 | 7 | 5 | 8 | - | 1 | 4 | 3 |
| Halfgeskoold | - | 3 | 3 | 5 | - | - | 1 | 1 |
| Ongeskoold | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 9 | 13 | 13 | 18 | - | 1 | 8 | 5 |

Billikheidsteiken en diensbillikheidstatus

| Vlakke | Vroulik | | | | | | | |
|------------------------------|----------|-----------|-----------|-----------|----------|----------|----------|----------|
| | Swart | | Kleurling | | Indiër | | Wit | |
| | Huidig | Teiken | Huidig | Teiken | Huidig | Teiken | Huidig | Teiken |
| Topbestuur | - | 1 | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuur | - | - | 2 | 2 | - | - | 2 | 1 |
| Professioneel gekwalifiseerd | - | 1 | 2 | 1 | - | - | - | 1 |
| Geskoold | 4 | 7 | 10 | 8 | - | 1 | - | 3 |
| Halfgeskoold | 2 | 2 | 9 | 5 | - | - | 2 | 2 |
| Ongeskoold | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 6 | 11 | 23 | 16 | - | 1 | 4 | 7 |

| Vlakke | Gestremde personeel | | | |
|------------------------------|---------------------|--------|---------|--------|
| | Manlik | | Vroulik | |
| | Huidig | Teiken | Huidig | Teiken |
| Topbestuur | - | - | - | - |
| Senior bestuur | - | - | - | - |
| Professioneel gekwalifiseerd | - | - | - | - |
| Geskoold | - | - | - | - |
| Halfgeskoold | - | - | - | - |
| Ongeskoold | - | - | - | - |
| Totaal | - | - | - | - |

